# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (19/15)*

justchad_cga


*Justin Chadwick (22 Mei 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "I'd rather check my Facebook than face my checkbook."*- Craig Coelho**

## DAFF NEEM 'n TEGNOLOGIESE STAP VORENTOE (Paul Hardman)

Die Departement van Wetenskap en Tegnologie (befondsing) en die CGA (hulpbronne) het saamgespan en tablette aan DAFF inspekteurs voorsien. Dit sal die akkuraatheid en die spoed waarteen besonderhede op die aanlyn sentrale databasis opgedateer word, aansienlik verbeter. Die databasis is geimplementeer om data rakende die CBS RMS te bestuur. Twintig toestelle is beskikbaar gestel en versprei regoor die grootste sitrusproduserende areas. As hul die toestelle gebruik, kan inspekteurs dadelik die status van PUC's en boorde vir fitosanitêre sertifiseringsdoeleindes nagaan. Terwyl hierdie 'n groot stap vorentoe is, verteenwoordig dit slegs die begin van meer veranderinge in die toekoms. Groter gebruik van tegnologie sal die SA sitrus uitvoer-voorsieningsketting meer doeltreffend en effektief maak.

## SHAFFE SUIDELIKE HALFROND SE SKATTING VAN UITVOERVOLUMES VIR 2015




Die gekonsolideerde suidelike halfrond se skatting vir sitrusuitvoere vir 2015 sluit Peru, Uruguay, Argentinië, Suid-Afrika, Australië en Chile in. Wat onmiddellik duidelik is, is die groei in die beskikbaarheid van sagte sitrus (mandaryne) – volumes het oor die afgelope nege jaar verdubbel en die tempo het nog glad nie afgeneem nie. Omgekeerd wys suurlemoene die effek van die gure weer in Argentinië, met volumes wat nooit in staat sal wees om die vlakke van 2008 te behaal nie en dit bly op die vlak van omtrent 480 000 ton. Oor die totale periode het die pomelo uitvoere op die 200 000 ton vlak gebly; terwyl dit blyk dat lemoene 'n plato bereik het op omtrent 1.4 miljoen ton. Meeste lande toon 'n groei in uitvoere in 2015. Vir Peru is die dominante kommoditeit mandaryne en hul voorspel 'n 10% toename in volume; Uruguay voorspel 'n 6% toename in beide uitvoere van lemoene en mandaryne; Chile verwag ook dat lemoene se uitvoervolumes met 8% sal toeneem en mandaryne met 19%, terwyl Australië 'n 24% toename in mandaryne se uitvoervolumes verwag. Argentinië toon gemengde resultate met 'n voorspelde toename in suurlemoen uitvoere (5%) maar 'n afname vir lemoene van 20% en mandaryne van 11%. Suid-Afrika se uitvoervolumes word voorspel om dieselfde as die 2014-vlakke te wees. Volledige syfers is van SHAFFE of justchad@iafrica.com beskikbaar.

## SITRUS UITVOERE NA INDONESIË

Ons het sopas van ons Ambassade in Jakarta verneem dat die Indonesiese regering alle invoere van sitrusvrugte vanaf Julie tot einde Oktober gaan verbied. Dit is gedoen op aanbeveling van die Indonesiese Department van Landbou en is twee dae gelede bevestig. Ons sal meer te wete probeer kom oor die rede agter die besluit en dan beplan watter aksies geneem kan word.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die nuutste voorspelling van die Sagte Sitrus Fokusgroep is 9.7 m kartonne – die Satsuma voorspelling is vanaf 1.8 m na 1.785 m verminder (waarvan 96% reeds gepak is); die clementine voorspelling is van 3 m na 2.7 m verminder (waarvan 40% reeds gepak is).

| Tot einde Week 20 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 8.3 m | 7.4 m | 6.8 m | 4.8 m | 4 m | 15.3 m | 14.4 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 2.8 m | 3 m | 3.2 m | 2.3 m | 2.4 m | 10 m | 9.7 m | 10 m |
| Suurlemoene | 4.3 m | 4.5 m | 5.1 m | 3.3 m | 3.5 m | 13.6 m | 13.6 m | 13.2 m |
| Nawels | 2.4 m | 1.9 m | 2.2 m | 0.6 m | 0.7 m | 25.1 m | 25.1 m | 26 m |
| Valencias | 0.1 m | 0.1 m | - | - | - | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 17.9 m | 16.9 m | 17.3 m | 11 m | 10.6 m | 113.1 m | 111.9 m | 115.7 m |